



# ALIAS DIE SKRYWER

DIE REDES VERSKIL WAAROM SOMMIGE SKRYWERS VERKIES OM NIE ONDER HUL EIE NAAM TE PUBLISEER NIE ...

**M**oenie 'n boek op sy baadjie takseer nie. Of 'n skrywer op sy skuilnaam nie. Andries Buys (81) van Kaapstad wou ná sy aftrede 'n rustige lewe lei. Dit het hy gedoen. Hy skryf toe ook 'n boek, *Die dao van Daan van der Walt*, onder die naam Lodewyk G. du Plessis.

“Ek hou nie van die woord skuilnaam nie, ek verkies skrywersnaam,” sê hy. “Skuilnaam mag suggereer dat die skrywer wil wegkruip. Ek het geen rede gehad om weg te kruip nie. Weens my beroep as advokaat en regter was my professionele lewe en optredes alles in die openbaar. Ek was 'n siek man toe ek afgetree het en wou rus en ontspan in 'n lewe ver van die geraas en die openbare oog.

“As ek *Die dao van Daan van der Walt* onder my eie naam geskryf het, was ek terug op 'n plek waar ek definitief geen begeerte gehad het om weer te wees nie: naam in die koerant; 80-jarige skryfdebuut; optredes by woordfeeste en voor leeskringe ... Dit het my verbaas dat my identiteit vir 'n hele jaar nie op die lappe gekom het nie.”

Vir die breë leserspubliek was dié opwindende debuutskrywer 'n enigsa. Boonop wen die boek toe twee literêre pryse in een week. En nog een.

“Wie sou erkentlikheid toon vir die eer wat my boek toegeval het tydens die prystoekennings?” sê hy. “Andries Buys, gekleed in 'n lang jas, hoed op die kop, oë weggesteek agter 'n donkerbril, vals baard vasgeplak op die ken?”

Ná 'n vergadering met sy uitgewers, is daar besluit hy moet sy identiteit openbaar. Die vlamme van bespiegeling is geblus.

## JOU NAAM, JOU HANDELSMERK

Daar is geen gebrek aan dié soort ding in die literêre skatkis nie. Plaaslik strek dit terug tot Sangiro, Mikro en Eitemal, maar talle eietydse skrywers verkies dit om onder 'n pseudoniem te publiseer. Solette Swanepoel, uitgewer by Tafelberg, noem Anchien Troskie, wat *Dis ek*, *Anna* as Elbie Lötter gepubliseer het, en Ingrid Winterbach, wat vroeër onder Lettie Viljoen geskryf het.

“Internasionaal dink ek dadelik aan J.K. Rowling se pseudoniem, Robert Galbraith, en Stephen King, wat in die 70's en 80's onder die naam Richard Bachman geskryf het.”

Sy meen die inhoud van 'n boek of bloot die behoefte aan privaatheid is van die redes waarom iemand 'n boek onder 'n alias wil publiseer, “maar meer dikwels word 'n skuilnaam gebruik omdat die skrywer 'n ander genre aanpak as waarvoor hy of sy bekend is”.

“Só het Eleanor Baker die skuilnaam Christine le Roux gebruik vir liefdesverhale, terwyl haar speurverhale onder die naam Alex Muller gepubliseer is.”

Charlene Hougaard, senior uitgewer: fiksie by Lapa, wys op die Amerikaanse romanskrywer Nora Roberts, wat eweneens liefdesverhale onder haar eie naam publiseer, maar spanningsverhale onder J.D. Robb.

Solette sê 'n skrywer se naam is 'n handelsmerk. Verskil jou nuwe werk ingrypend van dit waarmee jou gevestigde handelsmerk sinoniem is, is dit die moeite werd om 'n skuilnaam te oorweeg. Volgens Charlene help dit ook om verwarring onder lesers te voorkom.

Maar hoe reageer lesers op die “kulnaam”? Jy word dalk ►

groot met Bettie Naudé se Saartjie-reeks en Smith se Trompie-boeke; net om te ontdek dis alles Smith se werk! Solette sê sommige lesers voel op 'n manier “verraai”, maar nie almal nie. “Min skuilname bly in elk geval 'n waterdigte geheim.”

Dr. Francois Smith, dosent by die Universiteit van die Vrystaat se departement Afrikaans en Nederlands en skrywer van *Kamphoer*, sê daar kan “vlietende verontwaardiging” by lesers wees, maar indien die teks goed genoeg is, sal lesers dit aanvaar en selfs uiteindelik daarvan vergeet. Hy meen dit gaan oor méér as 'n naam, maar 'n persona.

“Daar is skrywers wat nie gesien wil word nie, selfs al skryf hulle onder hul eie naam. Dink aan die Amerikaner Thomas Pynchon, wat nooit onderhoude toestaan nie en van wie die enigste bestaande foto's seker 40 jaar oud is.

“Dit is blykbaar ook die beweegrede agter die naam van die Italianer Elena Ferrante, seker die skuilnaam wat die meeste mense op hol het. Sy wil glo stil en beskeie in haar dorpie leef, heeltemal verwyderd van die roem van haar boeke. Of dié geheimsinnigheid vir haar lesers wen, weet ek nie. Dis in elk geval nie die rede waarom ek nuuskierig was oor haar werk nie, maar kennelik is dit vir baie mense interessant en daar is geweldige speurtoegte geloods na haar ware identiteit.”

## DIE MENS AGTER DIE BOEK

Solette sê vanweë die verwagting dat 'n skrywer beskikbaar sal wees vir optredes, is dit moeiliker om 'n boek te bemark wanneer dit onder 'n skuilnaam geskryf is. In Lodewyk G. du Plessis se geval het die skuilnaam tot voordeel van die boek gewerk, meen sy.

Francois wys op Mary Ann Evans, wat as George Eliot (1819-1880) geskryf het in 'n tyd toe vroueskrywers nie ernstig opgeneem is nie, “en kyk watse invloedryke boek bly *Middlemarch*”.

Charlene meen 'n *nom du plume* is ook 'n goeie idee wanneer iemand 'n “volksvreemde naam” het of die naam en van te lank is. Francois wys op die geval van Pablo Neruda: “Hy het sy skrywersnaam gebruik omdat sy ouers nie gehou het van sy skryfwerk nie.”

Ricardo Eliécer Neftalí Reyes Basoalto sou waarskynlik ook maar moeilik op 'n boekomslag ingepas het.

“Vir my interessant omdat ek die boeke as kind verslind het, is F.A. Venter se skuilnaam, Meiring Fouché, waaronder hy onder meer die reeks *Sahara-avontuur* geskryf het,” sê Fancois. “Venter het ook ná Braam le Roux se dood *Die Swart Luiperd*-reeks voortgesit en wel onder die naam Braam le Roux. Jy kon destyds hierdie slapbandboekies in kafees koop. Luit. Theuns Stegman van *Sahara-avontuur* is steeds een van my grootste storieboekhelde.”

Hy meen Venter, 'n gerekende literêre skrywer, het 'n skuilnaam gebruik om “ligte, populêre werke sonder enige literêre pretensie” te kan skryf.

“'n Mens moet besef skryf is 'n blootstellende gedoente

## “EK DINK 'N MENS MOET BESEF SKRYF IS 'N BLOOTSTELLENDEN EN 'N MENS MOET DIT MAAR IN DIE OË KYK ...”

en 'n mens moet dit maar in die oë kyk, maar skrywers kan ook name kies omdat dit beter klink, soos popsterre dit doen. Dit beteken nie hulle wil daaragter wegkruip nie, maar dis doodgewoon dat P.G. du Plessis beter – gewigtiger – klink as Pieter du Plessis, of dat Etienne Leroux beter Frans-misterieus lyk op die omslag van 'n boek as Steven le Roux.”

Skuilname is meestal, maar nie altyd nie, beperk tot fiksie. Annie Olivier, uitgewer van niefiksie by Jonathan Ball Uitgewers, sê skrywers wil soms hul ware identiteit om regs- of veiligheidsredes beskerm.

“In die een geval waarmee ek te doen gehad het, was die skrywer 'n voormalige diamantdelwer en sy was bang dat mense in die diamantbedryf haar dalk te na sou kom omdat sy so eerlik oor die bedryf geskryf het. Sy was in daardie stadium ook reeds uit die bedryf en wou nie hê dat mense in haar nuwe omgewing haar noodwendig daarmee verbind nie.”

*Duiwelsklip* is derhalwe onder die skuilnaam Mika le Killian gepubliseer. Die onthullings daarin het Annie laat besluit om liefs die skrywer se identiteit te probeer beskerm.

Die kwessie van geloofwaardigheid is ook belangrik. Annie sê as iemand byvoorbeeld sy lewensverhaal onder 'n skuilnaam wil aanbied, kan lesers wonder of dit die volle waarheid is. “As niefiksie-uitgewer sou ek 'n skrywer altyd aanraai om onder haar eie naam te skryf. Dit maak 'n niefiksiewerk meer outentiek en geloofwaardig.”

Maar hoe kies jy 'n skrywersnaam? Een van Lapa se skrywers het byvoorbeeld sy beroep as skryfwerker by sy skuilnaam ingewerk.

“Sommige skrywers gebruik bloot hul nooiensvan of verkort hul naam en van,” sê Charlene. “Een van ons skrywers gebruik om sentimentele redes haar ouma se naam.”

Vir Andries was dit maklik om Lodewyk G. du Plessis op te tower: dis sy pa se voorname en sy ma se nooiensvan. Sy pa was 'n weeskind wat nooit skoolgegaan het nie. Sy ma is in 1901 in 'n konsentrasiekamp in Kimberley gebore.

“Om hul name in my skrywersnaam te gebruik, was vir my 'n manier om dié dierbare twee ou mense, reeds lank dood, te herdenk en te eer.” 🌹

DEUR JOHANNA VAN EEDEN  
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST